# MA Afro-Europese Kulturele Verhoudinge (Gedoseer) (01250015)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar | | |
| **Totale krediete** | 180 | | |
| **Kontak** | Prof AB Hofmeyr | benda.hofmeyr@up.ac.za | +27 (0)124202702 |
| | Prof S Mühr | stephan.muehr@up.ac.za | +27 (0)124202419 |
| | Prof L Kriel | lize.kriel@up.ac.za | +27 (0)124205732 |

## Programinligting

Studente kies een van die volgende vyf spesialiseringsvelde:

1. Narratiewe, visuele werelde, simboliese ruimtes.
2. Sosiohistoriese dinamika.
3. Afro-Europese verhoudinge wat ons oortuigings en waardes onderlê.
4. Politieke konstruksies.
5. Tale, kulture, vertalings.

## Toelatingsvereistes

- ’n Goedgekeurde honneursgraad uit enige veld in die geesteswetenskappe, sosiale wetenskappe, publieke administrasie, opvoedkunde of regte behaal met ’n gemiddelde van ten minste 60%.
- Ten minste een Europese taal buiten Engels geslaag op eerstejaaruniversiteitsvlak.
- Voornemende studente moet ’n motiveringsbrief, ’n akademiese rekord en ’n CV aan die PKK voorlê.
- ?Let wel: Finale oorweging en aanvaarding van aansoekers berus by die diskresie van die komitee.

## Addisionele vereistes

Voornemende studente moet ’n motiveringsbrief, ’n akademiese rekord en ’n CV aan die PKK voorlê.

Let wel: Finale oorweging en aanvaarding van aansoekers berus by die diskresie van die komitee.

## Ander programspesifieke inligting

1. Twee van die 20-krediet-modules mag aan ’n universiteit in Europa verwerf word (buitelandse studieprogram).
2. Studente wat nie ’n Europese taal buiten Engels op tweedejaarsvlak geslaag het nie, moet sodanige module neem; so nie kan ’n projek/prakties in die geselekteerde spesialiseringsveld gedoen word, in oorleg met die

mentor in daardie veld.

# Kurrikulum: Jaar 1

## Kernmodules

Geskiedenis van Afro-Europese kulturele verhoudinge 802 (AKV 802) - Krediete: 20.00
EU-lekgotla 803 (AKV 803) - Krediete: 10.00
Kultuurteorie 801 (AKV 801) - Krediete: 20.00

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

Toegepaste addisionele module 804 (AKV 804) - Krediete: 20.00
Miniverhandeling: Afro-Europese kulturele verhoudinge 895 (AKV 895) - Krediete: 90.00
Interdissiplinêre studies in Afro-Europese verhoudinge 805 (AKV 805) - Krediete: 20.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.